

## A 4.3.3 SUB-TAAKSPAN: BELYDENIS VAN GELOOF (BVG)<sup>1</sup>

### 1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Die span is so saamgestel dat die verskillende bedieninge wat deur Belydenis van geloof geraak word, in die taakspan verteenwoordig word. Die span bestaan uit die volgende lede:

Sameroeper: Tienie Bosman (Noordelike sinode)  
Kategese: Johan Avenant (Noordelike sinode) – hy is ook die skriba  
Internasionale tendense: Malan Nel (Noordlike sinode)  
Geloofsontwikkeling: Fouche de Wet (Noordelike sinode) en Andriette de Ridder (Wes Kaapland)  
Roetemerkers: Cas Wepener (Noordelike sinode); Anandie Greyling (Oostelike sinode) en Tienie Bosman  
Sakramente: Andries Kritzinger (Goudland), Auke Compaan (Oostelike sinode), Dieter de Bruin (Noordelike sinode)  
Kerkreg: Paul du Plessis (Noordelike sinode); Dewyk Ungerer (Noordelike sinode) en Attie Nel (Noordelike sinode)  
Huisgeloof: Maartjie van der Westhuizen (Oostelike sinode) en Andriette de Ridder (Wes Kaapland)

### 2. ONS KYK TERUG

#### 2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

By die Algemene Sinode (AS) van 2011 is die volgende opdrag aan die taakspan kategese opgedra:

“Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot 'n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie, en versoek daarom die taakspan kategese om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.”

Om hierdie opdrag van 2011 uit te voer, het die verslag in 2013 voorgestel dat 'n projekspan aangewys word wat die verskillende aspekte van belydenis van geloof (BVG) moet ondersoek naamlik: die verband tussen lidmaatskap en BVG; die verband tussen sakramente en BVG; die proses van geloofsontwikkeling; die geskiedenis van BVG tot nou toe en die benutting van deurgange as roetemerkers. Die proses wat in 2013 deur die AS aanvaar is, is dat *besinning* lei tot *die vestiging van 'n bedieningshouding* wat dan weer lei tot *die vestiging van 'n bedieningstyl*. Deeglike besinning moet die pad oopmaak vir enige moontlike verandering.

In 2015 het die AS 2 besluite geneem:

- 1] Die sinode keur goed dat die bakens wat in hierdie verslag vervat is, as raamwerk kan dien vir verdere besinning wat sal lei tot die vestiging van 'n bedieningshouding en uiteindelik 'n nuwe bedieningstyl.
- 2] Die sinode besluit, in die lig van die omvang van die besinning oor die aard en die plek van BVG, dat die opdrag aan die Projekspan BVG herhaal word om sy werk voort te sit.

---

<sup>1</sup> In hierdie verslag verwys die uitdrukking Belydenis van Geloof (BVG) na die huidige praktyk wat plaasvind rondom die ouderdom van 17/18.

Dit is dus nie meer nodig om die teologiese bakens wat as raamwerk goedgekeur is te begrond nie. In hierdie verslag sal daar dan eerder op die aard van BVG binne die teologiese raamwerk van hierdie bakens gefokus word.

## **2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN**

Sedert 2014 het die taakspan jaarliks bymekaar gekom en die aard en plek van BVG bespreek. Die Taakspan is ook verteenwoordig op Taakspan Kategese wat 2 keer per jaar bymekaar gekom het. BVG is dan ook op hierdie Taakspan bespreek. Daar is ook reeds 2 konferensies oor BVG gehou (een by NG Skuilkrans [Augustus 2016] en een by NG Elarduspark [Maart 2017]) waar die kompleksiteit van BVG bespreek is en insette van leraars verkry is. Tydens die Excelsus-kursus vir jong predikante in 2018 is die aard van BVG ook bespreek. Verskeie artikels oor belydenis van geloof het ook sedert 2015 in die Kerkbode verskyn.

## **2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR, WAAR HET ONS GEVORDER, HOE GEBRUIK DIE HERE REEDS DIE NG KERK?**

In die proses van die taakspan se navorsing en nadenke oor belydenisaflegging, soos in die opdrag hierbo uiteengesit, het die taakspan diep onder die indruk gekom van die kompleksiteit rondom BVG. Ons het ontdek dat die teologie en praktyk van belydenisaflegging ons hele ekklesiologie (verstaan van kerkwees) raak en ook andersom dat ons eklesiologie ons teologie en praktyk van belydenisaflegging raak en behoort te beïnvloed. Dit beteken dat die hantering van die saak 'n multidimensionele benadering vra. Dit is om hierdie rede dat die saak van BVG (in hierdie afdeling van die verslag) bespreek word binne 'n teologiese raamwerk, wat reeds by die vorige sinode goedgekeur is. Aangesien hierdie ook van die min geleenthede is waar verskillende teologiese kwessies langs mekaar binne die groter geheel van die kerk hanteer word, is dit daarom belangrik om telkens die teologiese verband tussen die verskillende sake wat direk in verband staan met BVG te verstaan.

Ons het ook ontdek dat:

- die Suid-Afrikaanse denke in die gereformeerde wêreld oor **wanneer** belydenisaflegging behoort plaas te vind, verskil van die van ons Europese en Amerikaanse gereformeerde en Lutherse eweknieë;
- die historiese- en nuwe teologiese ontwikkeling en navorsing oor BVG duï daarop dat die huidige praktyk van belydenisaflegging dringende aandag vra aangesien daar nie kongruensie bestaan tussen ons teologiese denke en die praktyk van belydenisaflegging nie;
- daar vaste tradisies gevorm is rondom belydenisaflegging, dat ouers en kinders spesiale waarde heg aan belydenisaflegging soos dit tans funksioneer en gemeentes moeite doen tydens belydenisaflegging. Om hierdie rede sal enige verandering rondom ons denke ten opsigte van die praktyk van belydenisaflegging met groot verantwoordelikheid maar ook met 'n eerlike openheid benader moet word.

Ons het verder besef dat ons navorsing en denke ons uitbring by gevolgtrekkings wat dalk verder strek as ons opdrag soos hierbo uiteengesit en dat die verslag konsekwensies het en behoort te hê vir die hele gemeente en gemeentebediening, alhoewel die opdrag net gefokus was op die jeug. Die verslag open daarom baie nuwe moontlikhede wat met groot vrug in die kerk ontgin en geïmplimenteer kan word.

Indien die taakspan 'n opskrif vir hierdie verslag moes kies sou dit iets wees soos die volgende: "**Dit gaan in hierdie verslag oor God wat met ons op reis is, wat in die sakrament van die doop veranker en bevestig is.**"

## **3. INSIGTE UIT DIE WORD, TEOLOGIE EN NAVORSING**

In hierdie verslag word daar deurgaans die onderskeid getref en gehandhaaf tussen BVG as 'n roetemerker en belydenis as een van die funksies van roetemerkers.

### 3.1 VERBOND

Die verbond staan vir die feit dat hiérdie - God se wêreld is - en aan Hom op 'n dubbele manier behoort: Hy het dit geskep en Hy is besig om dit te herskep<sup>2</sup>. Die hart van verbondsdenke gaan oor herstelde verhoudings – met God, medemense en met die skepping<sup>3</sup>. Deur die hele Bybel sien ons dat God die initiatief neem<sup>4</sup> en mense roep om deel van sy volk/ kerk te wees met wie Hy in 'n verhouding wil staan. In hierdie verhouding staan God se genade voorop en tree Hy verlossend en helend op<sup>5</sup>. In Christus se inkarnasie (menswording) is hierdie verhouding op 'n unieke manier voortgesit, bevestig en gedemonstreer in sy lewe en veral die kruis- opstandings- en hemelvaartgebeure<sup>6</sup>. Met die uitstorting van die Heilige Gees verkry hierdie verhouding 'n nuwe dimensie, want sy verbintenis tot hierdie verhouding het op 'n nuwe manier gestalte gekry<sup>7</sup>. God leef in mense en dit open 'n nuwe dimensie en realiteit en gee op 'n nuwe manier gestalte aan die verbond. Die verbond het konsekwensies vir die mense wat deel in hierdie verbond. Hoewel die verbond nie voorwaardelik aangegaan word nie, het dit wel konsekwensies. Die verbond word ook nie voorwaardelik aangegaan nie, maar sluit beslis konsekwensies in.<sup>8</sup> Ons kan om hierdie rede praat van verbondsverantwoordelikhede.

Ten diepste is die gevolg van hierdie verhouding vir verbondsmense dat hulle nie net heling ervaar nie, maar ook beleef dat hulle deel is van 'n heelwordende gemeenskap en daarom as God se kinders aan God se volk/kerk behoort<sup>9</sup>. Op grond van die verbond kry verbondsmense dus 'n nuwe identiteit en deel in God se heil omdat hulle deur Christus ingelyf is in sy volk/sy kerk<sup>10</sup>. Alhoewel hierdie nuwe identiteit 'n geskenk van God is, word dit ontvang, omarm en uitgeleef in geloof. Wanneer dit ontvang, omarm en uitgeleef word, beleef verbondsmense dat hulle tuiskom in God se liefdevolle familie en dat hulle identiteit in 'n veranderingsproses opgeneem word op pad na 'n lewensvervullende bestemming. Hierdie veranderingsproses word deur onderrig begelei. Geloof binne hierdie verbondsverhouding verwys dus na die ontvangs, omarming, groei en uitleef van die verhouding wat daar ontstaan tussen God en sy mense.

Ons kan die verbondslewe van die volk van die Here met 'n reis of pad vergelyk soos wat die Ou Testament dikwels na die pad van die Here verwys<sup>11</sup>. Hierdie reis is op pad na 'n bestemming. Hierdie bestemming is nie die dood nie. Die lewe van die mens het 'n doel en daarom betekenis. In die Nuwe Testament word hierdie gedagte voortgesit wanneer Jesus volgelinge (dissipels) roep wat Hom letterlik volg op die pad wat Hy loop. Op hierdie pad het Hy hulle nie net geleer hoe sy pad lyk nie, maar ook wie Hy is en wie hulle regtig is en hoe om op sy pad (die weg van die koninkryk) te loop. In die geskrifte na die evangelies staan die volgeling-gemeenskap (gelowiges) as *ekklesia* (*kerk*) bekend. Dissipels of lidmate van die *ekklesia* volg Jesus in leer en lewe en neem op dié manier deel aan die koms van God se Koninkryk in hierdie wêreld. Om hierdie rede kan ons sê: Verbondsmense of die kerk is op 'n lewenslange geloofsreis, as dissipels saam met God op pad. Hier moet pertinent weer daarop gewys word dat hierdie reis nie 'n reis op pad *na* God toe is nie, maar *sam* met Hom.

Op hierdie verhoudingspad word hierdie verbond/verhouding met God gereeld gevier. Die besnydenis en die viering van die Paasfees en ander Joodse feeste was in die Ou Testament die gereelde vieringsmomente van die volk se ingelyfdheid, verlossing en verhouding met God. In die Nuwe Testament en vroeë-kerk is hierdie feeste voortgesit, maar mettertyd aangevul en later vervang met die doop en die nagmaal. Tydens hierdie vieringsgeleenthede is gelowiges se ingelyfdheid, verlossing en verhouding met God gesamentlik gevier. Deelname aan hierdie feeste was 'n vereenselwiging en belydenis van hulle deelwees van God se geloofsfiliale.

<sup>2</sup> Josz (1966:204) en aangehaal deur Golding (2004:194)

<sup>3</sup> Nel (2018:66)

<sup>4</sup> Genesis 12, 15 en 17. Vergelyk ook Heyns (1978:200-204)

<sup>5</sup> König (1991)

<sup>6</sup> Root (2007:102)

<sup>7</sup> Nel (2018:68)

<sup>8</sup> Heyns (1970:9-33; 1978:2019)

<sup>9</sup> Nel (2018:73-77)

<sup>10</sup> Nel (2015:25-50)

<sup>11</sup> Spreuke3:1-6; Spreuke 22:5-6. Vergelyk ook Firet (1982:71ev)

## **Wat hoor ons nuut oor die verbond?**

Hier word geen nuwe kennis vanuit ons gereformeerde verbondsteologie op die tafel gesit nie, maar verbondsgedagtes wat nie konsekwent en kongruent verreken is in die verlede nie, uitgelig:

- God dink inklusief oor al sy mense met wie Hy 'n verbond sluit, daarom is inlywingsrituele van uiterste belang. Ingelyfdes is ten volle deel van sy geloofs familie en word met hierdie insigte grootgemaak as deel van God se verbonds familie – hulle word dit nie later as hulle aan sekere voorwaarde voldoen nie. Kinders en jongmense is nie net teologies inklusief deel van die geloofs familie nie, maar behoort ook prakties as deel van die familie en geloofsgemeenskap inklusief behandel te word.
- Kinders en jongmense is nie net ingelyf in die vebondsgemeenskap nie, maar is en word ook begelei (onderrig oor wat dit behels, met die gepaardgaande nuwe identiteit wat daaruit vorm aanneem) op 'n pad van onderskeiding of lewenslange dissipelskap.
- Ingelyfdheid word gereeld saam met die geloofsgemeenskap gevier (pasga en nagmaal en by ander geleenthede) op die reis saam met God.
- Hierdie vieringsmomente het 'n belydenis karakter waar die kind en jongmens, saam met die geloofs familie, hulle geloof bely deur hulle deelname aan die viering. Dit sou dus 'n verskraling wees om belydenis van geloof aan 'n eenmalige geleentheid in die lewe van die verbondsmens te koppel. Verbondsmense bely hulle geloof lewenslank.

## **Hoe raak dit die aard van BVG?**

Binne die raamwerk van die verbond kan BVG soos volg beskryf word: BVG is 'n geleentheid op die geloofsreis waar:

- die gedoopte herinner word aan wie God is, wat God gedoen het en wie God hulle gemaak het
- die gedoopte herinner word dat God hulle gekies het en ingelyf het om deel van sy geloofs familie te wees en wat dit alles behels
- die gedoopte se ingelyfdheid (op die vlak wat vir die gedoopte moontlik is) gevier word
- die gedoopte verder ook herinner word aan die verbondsbeloftes, maar ook die -konsekvensies

By BVG kry die persoon geleentheid om die geloof waarbinne hulle gedoop is op 'n nuwe en meer persoonlike, verantwoordelike (na 'n pad van onderrig) en beslis ook openbare manier te bely. Dit gebeur in die openbaar en sluit vereenselwiging met 'n spesifieke geloofsgemeenskap binne haar gereformeerde identiteit<sup>12</sup> in.

## **3.2 GELOOFSVORMING<sup>13</sup>**

Op hierdie reis van gelowiges saam met God vind ontwikkeling en groei plaas. Geloofsontwikkeling en geloofsvoming is die wissel terme wat vandag gebruik word om hierdie groei, ontwikkeling en vorming wat op die geloofspad binne 'n individu en geloofsgemeenskap plaasvind mee te beskryf. Of iemand binne die verbondsring gebore word en groot word en of hulle later deur God daarin geroep word – hierdie pad moet geleer word: wat die pad saam met God behels, hoe op hierdie pad geloop (geleef) moet word en wat die nuwe identiteit meebring. Dit blyk uit die prosesstruktur van die kategumenaat (die kategeseproses van die vroeë-kerk) asof geloofsontwikkeling in die vroeë periode ook nie beskou is as 'n eenmalige gebeurtenis wat gekoppel was aan 'n spesifieke formule of formules wat die geloof van die kandidaat bevestig en sodoende ook sy of haar paspoort na die hemel gewaarborg het nie, maar eerder 'n lang pad wat gelowiges hulle hele lewe lank stap. Hierdie proses van die kategumenaat het in die woorde van Alan Kreider "belief,

<sup>12</sup> Vergelyk die Algemene Sinode se besluite in verband met gereformeerde identiteit in 2004, 2007 en 2011

<sup>13</sup> Die gereformeerde tradisie word gehandhaaf wanneer hierdie begrip gebruik word. Daar word daarom steeds verwys na geloof as 'n gawe van God en dat 'n mens op sy eie dit nie kan ontwikkel of vorm nie.

behaviour" en "belonging"<sup>14</sup> gestimuleer<sup>15</sup>. Wanneer ons aan geloofsvorming dink, dan word huis hierdie prosesmatigheid van geloofsontwikkeling en groei opgeneem.

Geloofsvorming gaan altyd van God uit (God neem inisiatief, Hy skenk geloof). Hierdie geskenkte geloofsinsig groei en dit is hier waar onderrig inpas<sup>16</sup>. God is self ook die een wat sy mense op hierdie pad wil leer. In die Ou Testament leer ons dat die Torah God se 'wegwysende stem' op hierdie pad is<sup>17</sup>. In die Nuwe Testament roep en onderrig Jesus self sy dissipels. In hierdie leer- of vormingsproses sluit Hy ook mense (ouers en alle ander gelowiges) in<sup>18</sup>, as medereisigers, om nuwe reisigers (kinders en volwassenes) saam te nooi en in hierdie weg in te lyf en te begelei. Geloofsvorming is dus nie net 'n kognitiewe proses nie. Kinders, jongmense en volwassenes wat op hierdie wyse ingelyf en begelei word in die geloofs familie, behoort iets van hierdie deel-wees van of behoort aan God en sy geloofs familie te ervaar en te beleef, maar ook iets van geloof-in-aksie te sien en te ervaar.

Geloofsvorming verwys dus na die totale proses van inlywing, begeleiding en onderskeidings<sup>19</sup> van verbondsmense op die geloofspad, wat mee help en bydra dat 'n verbondsverhouding ontwikkel en dat die Godgeskenkte geloofsinsigte groei en ontwikkel op so manier dat individue word (waartoe God hulle geroep het) wat hulle in Christus Jesus reeds is (nuwe Godgegewe identiteit – om aan sy beeld gelyk te word)<sup>20</sup>. Geloofsvorming is daarom die intensionele prosesse waarin die gelowiges begelei word om te groei in hul verhouding met God en dit sluit die meegaande verandering in lewensstyl in. Geloofsvorming word deur sommige omskryf as reisigers se deelname aan God se werk van genade in medereisigers se lewe<sup>21</sup>. Geloofsvorming het dus twee fokusse: Die individu se geskenkte geloof wat gevorm word en die persone en die geloofsgemeenskap wat deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses. Hierdie pad begin by geboorte en hou aan tot en met die dood. Dit is dus belangrik om op hierdie punt te beklemtoon dat geloof nie gevorm word en dan 'n eindpunt by voorbeeld by belydenisaflegging bereik nie. Dit is 'n lewenslange proses wat ontvou tot en met die dood.

Geloofsvorming hou deeglik rekening met die verskillende ontwikkelingsfases waardeur mense beweeg van die baba fase tot volwassenheid en die verskillende lewensdeurgange wat daarmee gepaard gaan. Geloofsvorming neem ook deeglik kennis van die verskillende geloofsvormingsfases soos deur Fowler omskryf is<sup>22</sup> en begelei kinders en jongmense deur die verskillende geloofsfasies wanneer hulle daarvoor gereed is. Gemeentes wat geloofsvorming ernstig opneem sal daarom ouers toerus vir hulle geloofsvormingstaak en ook altyd seker maak dat hulle materiaal ontwikkel of gebruik, veral in kategese, maar ook ander bedieninge, wat fase relevant is en tegelykertyd geloof begelei na die volgende geloofsfase soos Fowler ons help verstaan.

Die uitnodiging na, inisiasie in en begeleiding op hierdie pad saam met God vind primêr deur ouers en in vennootskap met die geloofsgemeenskap/kerk plaas<sup>23</sup>. Op hierdie geloofspad het ouers die grootste invloed (positief of negatief) op die geloofsvorming van hulle kinders<sup>24</sup>. Waar die sogenaamde tradisionele families ontbreek (afwesigheid van een of beide ouers) of waar daar geen positiewe deelname van die ouers of voogde in die geloofsvormingsproses plaasvind nie, het die kerk se Jeugbediening 'n enorme uitdaging om deur middel van ander verhoudings hierdie rol op te neem<sup>25</sup>. In die inlywings- en begeleidingsproses op die geloofspad is identifisering, modellering en navolging van rolmodelle van uiterste belang. Nuwe reisgenote (kinders en volwassenes) se lewens word positief aangeraak wanneer hulle in

<sup>14</sup> Alan Kreider (1999:21-22)

<sup>15</sup> Wepener (2014:157)

<sup>16</sup> Nel (1998:148)

<sup>17</sup> Firet (1977:91)

<sup>18</sup> Firet (1977:55)

<sup>19</sup> Firet (1977:71-78)

<sup>20</sup> Avenant (2011:63)

<sup>21</sup> Avenant en Hoffman in Nel en Van der Westhuizen (2015:63)

<sup>22</sup> Fowler (1981:117-211)

<sup>23</sup> Smith & Snell (2009:286) en Avenant en Hoffman in Nel en van der Westhuizen (2015:71-72)

<sup>24</sup> Smith & Denton (2005:56)

<sup>25</sup> Nel (2017:87-89) ook Nel in Senter (2001:12) Holmen (2005:9-15)

hulle huis en in die geloofs familie sien en ervaar hoe die nuwe identiteit in Christus in die praktyk uitgeleef word.

### **Wat hoor ons nuut oor geloofsvorming?**

Geloofsvorming of -ontwikkeling is die terme wat vandag algemeen in die literatuur gebruik word in die plek van onderrig om daarmee die eensydige beklemtoning van die skoolse karakter van onderrig (eenrigting kennisoordrag) uit die weg te ruim. Wanneer hierdie term hier gebruik word, word dit tog breër gebruik om alle prosesse wat by die ontwikkeling van geloof betrokke is van die wieg tot die graf in te sluit.

- Geloofsvorming is 'n lewenslange reis (proses) van groei en is nie net 'n eenmalige gebeurtenis op 'n sekere ouderdom op die geloofsreis nie.
- Geloofsvorming word altyd begelei deur ouers, medegelowiges en die geloofsgemeenskap en daar is groeiende insig soos die bevatlikheid van 'n individu ontwikkel. Toe-eiening, identifisering en die opneem van 'n nuwe identiteit in Christus is nie eenmalig en dan klaar nie.

### **Hoe raak dit die aard van BVG?**

Binne die raamwerk van geloofsvorming is BVG die bevestiging van:

- die geloofsgroei (vorming) wat sedert die doop plaasgevind het op die geloofsreis;
- die toe-eiening en opneem van 'n nuwe identiteit in Christus (met die groeiende insig waaroor elke persoon beskik).

en waar die geloofsgemeenskap saam met die jongmense hulle ingelyfdheid en deel-wees van die geloofs familie vier en waar die kinders en jongmense die geleentheid kry om in die openbaar te sê dat hulle lief is vir die Here en hulle vereenselwig met (wil deel wees van) hierdie geloofsgemeenskap. As sodanig is dit net nog 'n belangrike roetemerker (in hierdie geval openbare) op die geloofsreis van lewenslange navolging van Christus. Tog het die kerk hierdie roetemerker eenmalig liturgies deur die eeu gevier en uitgelig en nog verdere betekenis daaraan toegevoeg. Binne die raamwerk van geloofsvorming sou hierdie eenmalige viering uitgebrei kan word, aangesien geloofsvorming nie net dui op 'n eenmalige toe-eiening en opneem van 'n nuwe identiteit in Christus nie, maar is 'n groeiende en herhalende proses van die wieg tot die graf.

### **3.3 SAKRAMENTE**

Die sakramente wil gelowiges verbind aan die liefdesmisterie van die drie-enige God van die verbond.

Nuwe reisigers (kinders en volwassenes) op hierdie verbondspad saam met God word gedoopt as eenmalige verseëling en teken van ingelyfdheid en simbool van God se roeping, inlywing, heilstoesegging en insluiting in sy verbonds familie. Die doop is daarom 'n viering van die nuwe identiteit in Christus en verseëling van die ingelyfdheid in en by die geloofs familie. In die doop is die heil van elke gedoopte veranker. Alhoewel hierdie doop nie herhaal kan word nie, vind daar op die geloofsreis verskillende momente plaas waarin die gedoopte hul ingelyfdheid vier, die verbond waarin hulle gedoopt is omarm (toe-eien) en die geloof waarin hulle gedoopt is, bely. Die nagmaal is by die plek waar hiérdie viering van ingelyfdheid herhaaldelik en so dikwels moontlik plaasvind (vergelyk volgende paragraaf). Tog is daar ook ander sulke geleenthede op die geloofsreis.

Die doop van 'n kind is vir ouers by hernuwing 'n bevestiging van hulle geloof waarvan hulle kind deel is. Die doop van 'n kind is daarom ook vir ouers 'n belangrike roetemerker (meer oor roetemerkers later in hierdie verslag) op hulle geloofsreis. Ouers bely tydens hul kind se doop opnuut hulle geloof.

'n Gelofsgemeenskap vier so gereeld as moontlik en by herhaling nagmaal saam, waarin hul nuwe identiteit in Christus en deel-wees van die liggaam van Christus (saam aan tafel, deur een doop verbind aan die een Heer) op 'n besondere manier verbeeld word. In die nagmaal kom die liefdesmisterie van die drie-enige God as bron van sy geloofsgemeenskap se diepste vreugde op 'n simboliese manier tot

uitdrukking. Reisigers wat saam met God op sy weg reis, vier en omarm (toe-eien) dus by herhaling (elke keer wanneer hulle nagmaal gebruik) hulle nuwe identiteit in Christus en ingelyfdheid in Christus en sy geloofs familie en verbind hulle opnuut aan Hom wanneer hulle deelneem aan die nagmaalviering. Nagmaalviering het dus 'n belydeniskarakter. Op hierdie manier is elke nagmaalsviering reeds 'n belydenis/bevestiging van geloof of doopvierung.

Met die aanvaarding van kindernagmaal deur die sinode in 1998 beteken dit dat kinders wat nagmaal gebruik, voor hulle openbare belydenis van geloof (17/18), reeds verskeie kere hulle nuwe identiteit - en ingelyfdheid in Christus gevier en bely/bevestig het. Op hierdie manier het hulle, hoewel nie persoonlik nie, wel korporatief hulle geloof bely/bevestig en op die manier dus hulle doop gevier.

### **Wat hoor ons nuut oor sakramente?**

Ons hoor in 'n sekere sin nijs nuut nie, maar daar is enkele sake wat onderbeklemtoon is in die verlede, wat hier uitgelig word en wat konsekvensies het op ons denke oor BVG:

- Die doop (eenmalige genade van die inlywing in Christus) is 'n teken en seël van die ingelyfdheid en simbool van God se roeping, inlywing heilstoesegging en insluiting in sy verbonds familie.
- Alhoewel die doop nie herhaal kan word nie, vind daar op die geloofsreis verskillende momente plaas (waar die nagmaal die vernaamste, maar ook by lewensdeurgange) waarin die gedoopte hul ingelyfdheid vier, waar hulle telkens herinner word aan die betekenis van die doop en waar hulle dan die verbond by herhaling omarm (toe-eien) en die geloof waarin hulle gedoop is, bely/bevestig (doopvierung).
- Die nagmaalsviering (gereelde genade van die inblywing in Christus) het dus reeds 'n belydenis karakter wat herhalend (by elke nagmaalviering) gebeur.
- Voordat 'n kind belydenis van geloof aflê in die huidige praktyk (rondom 17/18), het hulle reeds verskeie kere by elke nagmaalsviering waaraan hulle deelgeneem het hulle ingelyfdheid en nuwe identiteit in Christus gevier en bely/bevestig.
- BVG is dus geanker in beide sakramente.

### **Hoe raak dit die aard van BVG?**

Binne die raamwerk van die sakramente is BVG self nie 'n sakrament nie, maar word veranker in die sakramente en dien as 'n doopbevestiging.

Vanuit die sakramente is dit belangrik om te sê dat BVG deel van 'n herhalende simboliese handeling is waarin daar 'n-moment vir geloofs belydenis/bevestiging is. Elke nagmaal is ook 'n viering van ingelyfdheid [doopvierung] en daarom 'n geloofs belydenis/bevestiging.

BVG is die geleentheid waar die kerk amptelik gedooptes persoonlik binne die konteks van die viering van die sakramente herinner aan hulle doop en die werk van die Gees in hulle lewe bevestig en die gedooptes die geleentheid gee om in die openbaar hulle doop opnuut te omarm (toe te eien) deur:

- die geloof waarin hulle gedoop is binne die geloofsgemeenskap in die openbaar te bely;
- hulle opnuut te verbind om hierdie geloof en roeping in die wêreld uit te leef.

Hierdie belydenis gebeur op die vlak waar en soos dit vir die gedoopte moontlik is.

### **3.4 ROETEMERKERS**

Die lewe, het ons reeds gesien, is 'n reis saam met God en nie op pad na God toe nie<sup>26</sup>. Hierdie reis strek vanaf geboorte tot by die graf en daarna. Hierdie reis neem die mens langs natuurlike deurgange of drumpels. Deurgange is "oorstaptyd" wanneer ek van die bekende na die onbekende moet gaan (bv. lewensfases soos adolesensie, volwassenheid, middeljare, bejaardheid ens. en ander deurgane soos

---

<sup>26</sup> Wepener (2014:33)

skooltoe gaan, skoolverwisseling, skoolverlating, eerste werk, werksverwisseling, die huwelik, kinders kry en aftrede. Daar is ook nog ander soorte deurgange soos die afsterf van 'n troeteldier, siekte, ens.). In hierdie oorstaptyd beleef jy 'n groot stuk liminaliteit (onsekerheid) want jy moet losmaak van die bekende en vasmaak aan die onbekende (van *societas* na *communitas*)<sup>27</sup>. By deurgange of drumpels vind daar dan, bewustelik of onbewustelik, drie fases plaas – losmaking, liminaliteit ('n tussenstaat) en vasmaak (herintegrasie). Deurgange kan hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel word: 1. Deurgange wat te make het met lewensfases (bv. Geboorte, puberteit, jong volwassenheid, huwelik, sterfte); 2. Deurgange wat te make het met levenskrisisse (bv. Verlies van werk; opneem van verantwoordelikheid bv. leierskap, ens.).

Hierdie deurgange of drumpels gaan dikwels gepaard met oorgangrituele, wat simboliese handelinge is, wat bykans soos 'n wandelstaf op hierdie weg of soos 'n reling op 'n brug funksioneer<sup>28</sup>. Hierdie oorgangrituele kan as roetemerkers beskryf word. Die kerk (geloofs familie) kan sy mense (jongmense in die geval van hierdie verslag) help om van die deurgange wat hulle beleef roetemerkers te maak deur by deurgange roetemerkers op te rig wat gepaard gaan met oorgangrituele wat dan ook liturgies persone by deurgange begelei. Roetemerkers by deurgange op hierdie lewensreis help individue en groepe in hulle geloofsontwikkeling en vorming om die verweefdheid van geloof in die werklikheid te beleef.

Roetemerkers het die volgende drie funksies:

1. Dit help met **oriëntering** – waar bevind ek my op die lewensreis as deel van die geloofs familie?
  - Waar kom ek/ons vandaan? – verlede
  - Waar is ek/ons nou? – hede
  - Waarheen is ek/ons op pad? - toekoms
2. Dit help met **identifisering** – aan wie verbind ek my en wie is aan my verbonde?
  - Wie is ek/ons?
  - Wie s'n is ek/ons?
3. Dit help met **belydenis** en **bevestiging** – wat bely/bevestig ek en saam met wie bely/bevestig ek dit?
  - Ek word herinner aan God se verbintenis en beloftes aan my en aan almal by ons doop (inlywing)
  - Ek word herinner aan God se heilshandelinge deur Christus en die werking en teenwoordigheid van die Heilige Gees, wat ek ook saam met die geloofsgemeenskap by elke nagmaal vier (inblywing).
  - Ek bely/bevestig dat ek deel is van God se familie en verbind my opnuut aan God en my geloofs familie.

Hierdie drie funksies van 'n roetemerker word volgens Foster<sup>29</sup> by 'n mens ingeskryp deur:

- Gesprek
- Vierung en
- Diens.

Dit is daarom belangrik dat 'n roetemerker tydens 'n erediens met 'n bepaalde liturgie gevier word want:

- Die geloofs familie het mekaar nodig vir gesprek, viering en diens.
- Prediking as die verkondiging van God se Woord gee die koers vir die reis.
- By elke roetemerker is die viering van die sakramente betrokke: i) Die doop as die viering van die inlywing tot die geloofs familie. Daarom is doopviering ook herhalend nie slegs beperk tot BVG as roetemerker nie. ii) Die nagmaal as die viering van die inblywing in die geloofs familie.

By elke roetemerker word die geleentheid benut om persone by lewensdeurgange te help oriënteer, identifiseer en opnuut te bely/bevestig. Dit bied dus die geleentheid om weer, by elke roetemerker, te besin oor wat Alan Kreider noem: "believing" (wat glo ek?), "belonging" (aan wie behoort ek?), "behaving" (hoe

<sup>27</sup> Wepener (2014:25-26)

<sup>28</sup> Wepener (2014:33)

<sup>29</sup> Foster 2012 :98

gaan ek vorentoe optree?). Richard Osmer meen dat die kerk elke geleentheid moet aangryp om jongmense te begelei aan die hand van sy drie oorsigtelike uitkomste vir onderrig “code for the road” (Aan watter belydenis kan ek vashou?), “creed to believe” (watter gedragskodes en waardes help my om keuses te maak en my lewe te rig?) en “dream to esteem” (watter roeping of droom lê die Here op my hart?). Deur roetemerkers so te benut, vorm roetemerkers 'n kern-deel van geloofsvorming en -ontwikkeling.

Dit is opmerklik dat die gereformeerde kerke, deur die geskiedenis heen, sterk aansluiting gevind het in haar geloofsvormingstaak by lewensdeurgange, maar dit nie ten volle ontgin het en liturgies geïnkorporeer en gevier het nie. BVG is een van die roetemerkers wat die kerk wel deur die eeu, in samehang met die doop en nagmaal, gebruik het om gedooptes die geleentheid te gee om hul ingelyfdheid op die geloofspad te vier, geloof te bevestig en te veranker en 'n openbare belydenis, identifisering en verbintenis met die geloofsgemeenskap te maak. Daar is ook 'n belangrike rol wat die geloofsgemeenskap in hierdie verband speel. Die geloofsgemeenskap bevestig God se verbintenis aan die gedoopte en herinner hom aan sy doop (ingelyfdheid), God se verbondsbeloftes en deel-wees van die geloofsgemeenskap en bevestig die werk van die eilige Gees in hulle lewens. Hierdie herinnering is daarom 'n versterking in 'n onseker fase en op hierdie manier word die gedoopte geanker is sy geloof. Roetemerkers werk altyd met die beginsel dat 'n persoon daarvan deelneem met die insig waaaroor hy op daardie oomblik beskik.

Van die vele lewensdeurgange gedurende die verskillende lewensfases, het navorsing uitgewys dat twee lewensdeurgange in kinders en jongmense se lewens uitstaan as kritiese deurgange naamlik die betreding van adolessensie/puberteit rondom die ouderdom van 12/13 en die betreding van jongvolwassenheid rondom die ouderdom van 17/18. Die een is nie belangriker as die ander nie. Albei is ontwikkelingsmatig kristies belangrik. Hierdie twee lewensdeurgange val ook saam *aan die een kant* met skoolverwisseling en die gepaardgaande ingrypende liggaamlike veranderinge by die ouderdom van 12/13 en *aan die ander kant* met gereedmaak vir skoolverlating en die gepaardgaande onsekerheid met die uitdagings en keuses van die jongvolwasse lewensfase rondom die ouderdom van 17/18. Wat ons as kerk dus daar doen moet belangrik wees. In die verlede is slegs by die lewensdeurgang van 17/18 'n roetemerker opgerig. Dit sal verantwoordelik wees indien die kerk tydens beide hierdie lewensdeurgange roetemerkers opgrig om kinders en jongmense oor hierdie onseker tyd te anker en te begelei. Alhoewel daar meer deurgange bestaan en waarby roetemerkers opgerig of benut kan word, is die taakspan daarvan oortuig dat hiérdie twee liturgies en in die openbaar gevier behoort te word as geleenthede waar geloof bely word. Dit sou met verskillende betekenis geval en ontwikkelingsmatig gemotiveer kan word en daarom van mekaar (12/13 van 17/18) kan verskil. Ander lewensdeurgange kan insluit skool-toe gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander (vergelyk ook bo genoemde lys in die verband)<sup>30</sup>.

Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat die Joodse gemeenskap al deur al die eeu by die lewensdeurgang van adolessensie 12/13 of wat hulle noem volwassewording aangesluit het met hulle barmitswa-viering, wat niks anders as 'n lewensdeurgang is wat hulle 'n roetemerker gemaak het en wat gepaard gaan met sekere simbole en rituele. Voeg hierby die Europese en Amerikaanse gereformeerde- en Lutherse kerke wat ook deur eeu heen by hierdie deurgang hulle roetemerker van belydenisaflegging vier, dan lyk dit onsinig as ons nie tydens hierdie lewensdeurgang 'n roetemerker gaan opgrig nie.

### **Wat hoor ons nuut oor roetemerkers?**

Alhoewel die term roetemerkers nuut is in die kerk, en alhoewel dit nog min teologies verdiskonter is in die verlede, het die kerk deur die eeu reeds (bewustelik of onbewustelik) by lewensdeurgange (Les Rites de Passage of mylpale) roetemerkers opgerig. BVG (en die Katolieke se aanvulende sakramente bv. konfirmasie, huweik, dood) is tipies so 'n voorbeeld. Roetemerkers wil vir die kerk iets op die tafel sit om kinders en jongmense (natuurlik ook tydens ander lewensfases) te begelei deur die liminaliteit wat mense by lewensdeurgange beleef. Wat roetemerkers so uniek maak by deurgange – dit neem die karakter aan van en is nijs anders as 'n belydenis van geloof nie. BVG is, soos alle ander roetemerkers veranker in die doop. **Deur nog roetemerkers op te rig by ander lewensdeurgange en dit liturgies te vier, word BVG**

<sup>30</sup> Vergelyk in die verband die boek: Ongekaart, Wepener, C & A Greyling (eds.) 2019, wat deur BybelMedia uitgegee is.

**nie verarm nie, maar verryk en kry doopvierung 'n dieper en teologies meer verantwoorde betekenis. Dit sluit ook direk aan by die prosesmatige ontwikkeling van geloof.**

### Hoe raak dit die aard van BVG?

Binne 'n raamwerk van roetemerkers benut die kerk spesifieke lewensdeurgange as roetemerkers. Twee deurgange is ontwikkelingsmatig vir die kerk van kristiese belang naamlik adolessensie/puberteit by die ouderdom van 12/13 en jongvolwassenheid rondom die ouderdom van 17/18. **Die poging in hierdie verslag is om BVG te ontwikkel as 'n roetemerker wat jongmense begelei van adolessensie na jongvolwassenheid of, anders gesê, van middeladolessensie na laat adolessensie.** Ander deurgange waar ook begeleiding kan plaasvind, is skool-toe gaan, eerste werk, die huwelik, ouerskap ens. Dit is egter nie noodwendig nodig dat 'n roetemerker opgerig word by elke lewensdeurgang nie.

BVG wil gedooptes by die lewensdeurgang na jongvolwassenheid anker in hulle geloof, herinner aan God se verbintenis en beloftes aan hulle en hulle deel-wees van en behoort aan 'n geloofsgemeenskap bevestig deur die onsekerheid en uitdagings van die nuwe lewensfase.

BVG bied die geleentheid om by hierdie lewensdeurgang:

- die geloof waarin hulle gedoop is persoonlik publiek te bely;
- hul opnuut te verbind om hierdie geloof en roeping, missional in die wêreld (koninkryk van God) as dissipel van Jesus uit te leef.

Hierdie belydenis gebeur altyd op dievlak waar en soos dit vir die gedoopte moontlik is.

### 3.5 KATEGESE

Soos wat reeds by Geloofsvorming aangedui is, moet hierdie nuwe identiteit wat God se mense ontvang en die pad waarop hulle saam met God reis, geleer word. God is self die een wat sy mense op hierdie pad wil leer. In hierdie proses van leer gebruik Hy mense – ouers en ander volwassenes in die gemeente.

In kategese is God, volgens Firet,<sup>31</sup> lewenslank besig om mense wat vanuit hulle doop vir Christus volg:

- te herinner aan hulle '**ingelyfdheid**';
- te **begelei** op die weg van die Here met sy mense (sodat hulle ervaar dat dit ook die Here se weg is);
- te begelei tot **onderskeiding** van wat die lewe die moeite werd maak. So gesien word lewenslange leer van hoe leerlinge/navolgers van Christus die lewe leef die hart van kategese.

Die historiese vierslag van onderrig (Skrif, gebed, leer en sakramente) word dan die inhoud en nie die wese van die kategese nie<sup>32</sup>. Die wese van kategese is begeleiding op die weg. Die leer inhoud word op so manier aangebied, met inagneming van ontwikkelingsfases en lewenseie karaktertrekke, dat dit kinders, jongmense en volwassenes begelei deur verskillende oorgangsstage. Die wese en doel is begeleiding deur lewensfases heen.

Hierdie begeleiding is ook daarop gefokus om jongmense deur middel van kategese te begelei na die volgende geloofsfase. In Fowler terme beteken dit begeleiding van Sintetiese-Konvensionele (synthetic-conventional) geloof na Individuatiewe-Refleksieve ("individuative reflective") geloof. Sintetiese-Konvensionele geloof verwys na 'n geloof waar 'n persoon intellektueel instem oor wat hulle verstaan oor geloof (hulle ken die gebruikte van die kerk, neem daaraan deel op 'n spesifieke manier), maar hulle leef nie volgens hierdie kennis en hulle waardes word ook nie daardeur bepaal nie<sup>33</sup>. Individuatiewe-Refleksieve geloof verwys na 'n geloof waar 'n kapasiteit vir kritiese refleksie op eie identiteit en uitkyk (ideologie) op die lewe ontwikkel. Rondom die ouderdom 17/18 beteken dit dat die jongmense tydens hulle voorbereiding vir BVG van die fase van Individuatiewe-Refleksieve geloof begelei moet word na die

<sup>31</sup> Firet (1977:71-78)

<sup>32</sup> Osmer (1996:212)

<sup>33</sup> Nel (1998:148)

ontvouing van Konjunktiewe geloof waar geleer word om met polariteit saam te leef (en hou in gedagte dat Fowler bevind het dat min mense by Sinteties Konvensionele geloof verby groei – is dit as gevolg van of ten spyte van kategese). By laasgenoemde lewensfase is die aard van hierdie publieke belydenis ook die opneem van medeverantwoordelikheid vir die roeping van die kerk<sup>34</sup>.

Hierdie benadering kan slegs slaag indien en wanneer gemeentes begeleiers (kategete) werf, keur en oplei om tot verstaan te kom van hierdie mentor-gemotiveerde en -gedrewe begeleidingsproses. Van niemand kan verwag word om te doen wanneer jy nie verstaan wat jy doen nie.

Kategese (waarvan die *didache* die sentrale modus is) is dus die formele ruimte en amptelike proses wat deur die kerk daargestel en gebruik word om, ter ondersteuning van die huis, geloof te ontwikkel, te ondersteun, te begelei en uit te daag<sup>35</sup> tot 'n omvattende lewe van dissipelskap. Van dissipelskap moet onthou word dat dit nie slegs 'n kursus is wat deurloop moet word en dan is iemand volledig dissipel nie. Dit is en bly 'n lewenslange reis. Dissipelskap in missionale terme beteken nie net om meelopers (goeie kerklidmate) te vorm nie, maar om deel te neem aan die koms van God se koninkryk in hierdie wêreld en om ons roeping op te neem. Alhoewel ons vir lank in die kerk dit so omskryf het, is die gerigtheid of uitkoms van kategese nie BVG nie, maar 'n omvattende lewe van dissipelskap (geloofsvolwassenheid). Dat daar 'n noue band tussen kategese en BVG bestaan, is verseker, maar dit is beslis nie die enigste doel van kategese nie. Daar is 'n stuk kontinuïteit en diskontinuïteit in die verhouding kategese en BVG. *Kontinuïteit*: Die nuwe insigte het gegroei en lei tot beter verstaan en toe-eiening van 'n nuwe identiteit in Christus en daarom is 'n belydenis van die geloof waarin 'n persoon gedoop is (op die vlak wat vir dit vir die gedoopte moontlik is) die natuurlike volgende stap. *Diskontinuïteit*: Die nuwe insigte en beter verstaan het nie 'n eindbestemming bereik nie en daarom is verdere begeleiding / kategese nodig om verder te groei en tot nog beter verstaan te kom veral binne 'n komplekse pluralistiese samelewing.

In aanvulling oor wat reeds gesê is oor die gerigtheid of uitkoms van kategese, is Osmer se gedagtes in die verband verhelderend. Hy verwoord die oorhoofse uitkomste van onderrig na aanleiding van sy navorsing oor Paulus se "teaching ministry" in sy briewe met die volgende drie begrippe: "Catechesis, Exhortation and Discernment"<sup>36</sup>. In 'n vroeëre lesing het hy reeds hierdie insigte van toepassing gemaak op die kerk se kategese: Om jongmense te help om "a Creed to believe" ('n belydenis - basiese elemente van die Christelike geloof - om aan vas te hou), "Code for the road" ('n gedragskode – morele en etiese waardes - om volgens te lewe en op grond waarvan besluite geneem kan word) en "a dream to esteem" ('n droom of roeping wat onderskei word om voor te lewe) te ontwikkel waarmee hulle die lewe kan ingaan.<sup>37</sup>

Alhoewel daar in hiérdie verslag op jeug gefokus word, moet altyd onthou word dat kategese (die onderrig taak van die kerk) nie net gerig mag wees op kinders en jongmense nie, maar op alle lidmate van alle ouderdomme tot en met die dood.

### **Wat hoor ons nuut oor kategese?**

Hier word geen nuwe kennis op die tafel gesit nie, maar ons neem kennis van sekere ontwikkelinge wat oor tyd heen in vaste patronen ontwikkel het en nie noodwendig op theologiese gronde staan nie. Hier word ook nuwe navorsing oor die begeleiding deur geloofsfasies heen op die tafel gesit:

- Die rol van Kategese is nie gerig daarop om jou belydenis van geloof te laat aflê en van jou 'n lidmaat te maak nie, maar om jou 'n toegeruste lidmaat (dissipel) te maak.
- Onderrig is ontwikkelingsmatig gerig op groeiende insig.
- Kategese duur lewenslank (Dissipelskap is nie slegs 'n kursus nie, maar is en bly 'n lewenslange reis.).
- Daar is 'n stuk kontinuïteit en diskontinuïteit in die verhouding kategese en BVG.

<sup>34</sup> Osmer (1996:210-212)

<sup>35</sup> Osmer (1992:22)

<sup>36</sup> Osmer (2005:16-17)

<sup>37</sup> Osmer (2001:95-110) Titel: A Checklist for the Journey: Biblical Foundations of Ministry with Youth.

- Hierdie begeleiding is ook daarop gefokus om jongmense deur middel van kategese te begelei na die volgende geloofsfase.

### Hoe raak dit die aard van BVG?

BVG is om, op die weg van dissipelskap, die geloof waarin 'n persoon gedoop en onderrig (kategese) is, persoonlik in die openbaar te bely op die vlak wat dit vir die gedoopte moontlik is. BVG is ook die bevestiging van die groei wat op grond van die beter verstaan en groter insig op die geloofspad plaasgevind het. Binne hierdie raamwerk kan BVG beskryf word as die fase van persoonlike openbare en korporatiewe erkenning van dit wat die individu as deel van die belydende gemeenskap bely. BVG is daarom ook die opname van 'n Konjunktiewe geloof waar geleer word om met polariteit saam te leef.

### 3.6 LIDMAATSKAP

Alle verbondsmense vorm saam 'n geloofsgemeenskap of in Nuwe Testamentiese terme - kerk van Christus. Enige gedoopte, is volledig lid van die geloofsgemeenskap en deel daarom in die volle heil van Christus, maar ook in die verantwoordelikhede binne die geloofsgemeenskap (inklusief). Die doop is juis die teken van die ingelyfdheid in die geloofsgemeenskap of geloofs familie. Die hartseer vandag is dat ons steeds 'n kultuur in die kerk het wat oor kinders en jongmense dink en praat asof hulle nog nie volledig deel is van die geloofsgemeenskap nie. Deel-wees word nie deur ouderdom bepaal nie, maar deur menswees. God roep dus nie net mense op hierdie pad, sodat hulle maar net meelopers kan wees totdat hulle groot is om dan eers ware volgelinge te wees nie. Hy roep mense (jonk en oud) om Hom te volg waar Hy hulle heen lei om deel te neem aan sy werk in sy koninkryk onder leiding van sy Gees. Reisigers op die geloofspad (of ingelyfde lidmate van die kerk) is dus hulle lewe lank op 'n pad van dissipelskap wat dus insluit om as God se kerk as sy gestuurdes te lewe. Daar bestaan dus nie 'n ander kerk as 'n missionale kerk nie.

**Ons handhaaf dus nie die tweeledige lidmaatskap (dooplidmaat en belydende lidmaat) nie, maar kies vir slegs een lidmaatskap in omskrywing en in praktyk.** Daar kan hoogstens onderskei word dat persone wat belydenis van geloof afgelê het groter insig in die geloof het waarin hulle gedoop is op die vlak waar en soos dit vir hulle moontlik is.

### Wat hoor ons nuut oor lidmaatskap?

Lidmaatskap fokus tans sterk op voorregte en ouderdom en min op identiteit en deelname. Daar is reeds amptelik besluite in verband met die opheffing van die onderskeid van doop- en belydende lidmate by die Algemene Sinode van 2002 geneem<sup>38</sup>.

Die impikasies van hierdie besluit is dat:

- daar net een manier is waarop iemand toegang tot lidmaatskap van die geloofsgemeenskap verkry en dit is deur die doop (behalwe wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny was terugkeer);
- daar nie verskillende "vlakke" van lidmaatskap is nie. Daar is wel 'n groeiproses in die opname van verantwoordelikheid, daarom moet die onderskeid tussen dooplidmaat en belydende lidmaat laat vaar word;
- daar baie meer moeite gedoen sal moet word met toerusting van ouers tydens die doopgesprek en rondom hulle begeleidingsrol op die geloofsreis van hulle kinders en jongmense;

---

<sup>38</sup> Handelinge AS 2002, p 165, 166: 28.5 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende uitgangspunte vir die hantering van kerklike lidmaatskap: 28.5.1 Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekratig) is die grond vir volledige lidmaatskap...28.9 Die Algemene Sinode besluit dat die onderskeid tussen doop- en belydendelidmaatskap nie dui op dubbele lidmaatskap nie, maar slegs 'n onderskeid in die proses van lidmaatskap ontwikkeling aandui. 28.10 Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerder verantwoordelikheid tot diens en leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diens, leierskap) gekies word.

- daar te min gedoen word om lidmaatskap direk te verbind aan 'n persoon se roeping en spesifieke missionale roeping.

#### **Hoe raak dit die aard van BVG?**

Daar is net een manier waarop 'n persoon (baba of volwassene) lidmaat word van die geoofsfamilie en dit is deur die doop. Binne die raamwerk van lidmaatskap beteken dit dat BVG nie toegang gee tot lidmaatskap of lidmaatvoorregte nie. BVG is wel 'n openbare belydenis van die geloof waarin die persoon gedoop is en 'n openbare vereenselwiging en verbintenis aan die geloofsgemeenskap en verbintenis en opneem en groeiende onderskeiding van haar missionale roeping in hierdie wêreld. Dit is duidelik dat die aanvaarding van groter verantwoordelikheid (verbintenis) vir keuses en die lewe in hierdie fases krities is vir deel-wees en deel-neem. Dit is deel van die toe-eiening van my identiteit in Christus en antwoord op die vraag: wie is ek: ek is ledemaat van die liggaam van Christus. Christus werk en leef in, met en deur ons in sy gemeente en in sy wêreld.

#### **4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?**

Uit die aard van die opdrag en in die lig van wat in die teologiese raamwerk duidelik geword het en in die navorsing ontdek is, is die taakspan daarvan oortuig dat:

- persone hulle geloof bely elke keer wanneer hulle nagmaal vier saam met die geloofsgemeenskap en ook elke keer wanneer hulle roetemerkers by deurgange oopig;
- dat elke keer wanneer gedooptes hulle geloof bely wanneer hulle nagmaal vier en by roetemerkers, dit teologies gesproke niks anders as doopviering is nie;
- dat die kerk roetemerkers behoort op te rig by meer deurgange op die lewenslange reis saam met God, wat liturgies in en saam met die geloofsgemeenskap gevier kan word, om op hierdie manier God se heilshandelinge en beloftes vir gedooptes te bevestig en om gedooptes die geleentheid te gee om in die openbaar opnuut hulle doop toe te eien as deel van die opneem van hulle nuwe identiteit in Christus;
- dat spesifieker die eerste kritiese ontwikkelingsmatige deurgang (12/13) by ons verwaarloos was. Ons het dié belangrike lewensoorgang in die mens se liggaam en die gepaardgaande emosionele en psigologiese veranderinge en impak nie genoegsaam verreken nie. Ons het ook die feit dat die ekumeniese kerk konfirmasie (geloofsbevestiging) aan hierdie ouderdom (12/13) koppel nie in ons praktyke verreken nie. Daarom is dit wys om:
  - op hierdie ouderdom 'n roetemerker en simboliese handeling te ontwikkel wat hieraan uitdrukking gee, en
  - wat vanweë die besondere karakter en simboliek vooruitskouend betekenis gee en die betekenis van BVG op die volgende roetemerker (17/18) verryk;
- dat kategese (onderrig) by die eerste nagmaal en alle roetemerkers (help mense verstaan wat bedoel word met belydenis) belangrik behoort te wees. Ouers en die geloofsgemeenskap behoort daarom begeleidend op te tree op die geloofpad, sodat geloofsinsigte kan groei en dat kinders, jongmense en volwassenes die geloof waarin hulle gedoop en onderrig is, by die nagmaalstafel en by roetemerkers met vrymoedigheid en oortuiging kan bely. Ouers behoort in hierdie verband toegerus te word;
- die inhoud van BVG as 'n roetemerker behels die volgende:
  - gedooptes vier hulle ingelyfdheid;
  - gedooptes word deur die geloofsgemeenskap (kerk) persoonlik, binne die konteks van die viering van die sakramente, herinner aan hulle doop en daarom bevestig hulle God se verbintenis en sorg en die werk van die Gees in hulle lewe;
  - gedooptes in die openbaar persoonlik hulle doop opnuut toe-eien as deel van die opneem van hul nuwe identiteit in Christus deur:
    - hulle liefde vir die Here en die geloof waarin hulle gedoop en onderrig is, te bely;
    - hulle te vereenselwig met en te verbind (opneem van groter verantwoordelikheid) aan die geloofsfamilie waarin hulle gedoop is;
    - hulle opnuut te verbind om hierdie geloof en roeping missionaal in die wêreld (koninkryk van God) as dissipel van Jesus uit te leef;

- hierdie belydenis gebeur altyd op die vlak en binne vermoë wat dit vir die gedoopte moontlik is;
- daar is net een manier waarop iemand toegang tot lidmaatskap van die geloofsgemeenskap verkry en dit is deur die doop (behalwe wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny was terugkeer, maar dit word opsig self dan 'n roetemerker);
- daar is nie verskillende 'vlakke' van lidmaatskap nie. Daar is wel 'n groeiproses in die opneem van verantwoordelikheid, daarom moet die onderskeid tussen dooplidmaat en belydende lidmaat laatbaar word;
- BVG soos in hierdie verslag verstaan word, bou op bogenoemde vertrekpunte en respekteer die belydenis van geloof soos byvoorbeeld by die nagmaal. **BVG dra die karakter van 'n kritiese roetemerker in die oorgang na jong volwassenheid waar gedooptes persoonlik en publiek hulle geloof bely en bevestig dat hulle God binne hierdie gestalte (Ned Geref Kerk) wil dien en saam met hulle geloofs familie die Koninkryk soek.**

#### **4.1 Hoe hou dit verband met die land of kerk se NOOD?**

Die groot nood in die kerk se jeugbediening is

- dat jongmense nie beleef dat hulle ten volle deel van die gemeente is nie,
- nie betrek word by die bediening nie,
- die kerk verlaat na belydenisaflegging,
- meer aanklank vind by 'n charismatiese siening van geloof en
- pragmaties ingestel is op korttermyn suksesse en nie op die vorming van lewenslange dissipels nie.

Hierdie verstaan van BVG daag die kerk en spesifiek die jeugbediening uit tot 'n inklusiewe jeugbediening; om erns te maak met geloof, geloofsvorming, begeleiding en toerusting van ouers en kategete; prosesmatige verstaan van geloofsvorming en om nuwe erns te maak met die uitkomste van hulle jeugbediening.

Die land se grootste nood vandag vanuit 'n kerklike oog gesien, is die passiwiteit van lidmate wanneer dit by die nood in die land kom. Hierdie verslag se verstaan van BVG daag die kerk uit tot meer gefokusde begeleiding van gedooptes by meer as een geleentheid (elke nagmaal en elke deurgang wat as roetemerker opgerig word) om hulle roeping, spesifiek hul missionale roeping, op te neem. Wanneer roetemerkers by meer deurgange opgerig en gevier word en geloof by elkeen bely/bevestig word en met groter erns aangepak word en kategese meer gefokus word op toerusting tot lewenslange dissipelskap en 'n missionale roeping, sal die kerk in die samelewning weer groter trekkragte hê en lewens verander soos tydens die vroeë kerk se kategumenaat.

#### **4.2 Oor watter grense vat dit ons?**

- In die verlede is BVG gesien as 'n eenmalige moment op die geloofsreis wat slegs 'n antwoord op iemand se doop is. Die nuwe verstaan/voorstel hou rekening met 'n prosesmatige ontwikkeling en groei van geloof en 'n herhalende belydenis by gereelde stilhouplekke (nagmaal en roetemerkers) op die geloofsreis.
- Die rol van kategese is deur sommige gesien slegs as gereedmaak vir belydenisaflegging met die doel om van 'n dooplidmaat 'n belydende lidmaat te maak. Die bedoeling behoort te wees om dooplidmate toe te rus om as dissipels lewenslank hulle roeping uit te leef. Slegs die doop geld in die gereformeerde teologie as toegang tot lidmaatskap. Lidmaatskap is daarom direk aan die doop gekoppel (Vergelyk die doopformulier vraag 3 in hierdie verband: "Bely julle dat kinders van gelowiges ouers deur die genade in Christus Jesus aan God behoort en daarom tot lidmate van die kerk gedoop behoort te word?").

#### **4.3 Wat is die nut vir gemeentes?**

**Hierdie verstaan van BVG:**

- help gemeentes om inklusief oor kinders en jongmense te dink;

- maak doopviering deel van die normale bediening van die gemeente wat verder strek as net die eerste fase van 'n kind of jongmens se lewe;
- skep ruimte dat gemeentes nie net by 'n spesifieke lewensfase en eenmalig betrokke is by jongmense se geloofsvorming nie;
- help gemeentes om prosesmatig te dink ook geloofsvorming;
- help gemeentes om betekenisvol mense te begelei by die onsekerheid wat lidmate by deurgange ervaar;
- gee definisie aan die toerusting van ouers in hulle begeleidingstaak van hulle kinders en jongmense by nagmaalsviering en by al die ander deurgange van hulle lewens.
- Skep ruimte en gee definisie aan intergenerasionele geoofsvorming in die konteks van die gemeente.

#### **4.4 Hoe doen ons dit saam met ander gelowiges?**

- Begeleiding deur ouers en die geloofsgemeenskap (kategese en geloofsvorming).
- Die liturgiese viering in 'n erediens saam met die geloofsgemeenskap.
- Mentorskappe as deel van die onderrig en begeleiding op die geloofsreis.

### **5. VERHELDER EN FOKUS: HOE VAL ONS IN BY GOD SE WERK?**

- 5.1 Die sinode neem met dank kennis van al die navorsing wat oor etlike jare gedoen is oor BVG en verwante sake.
- 5.2 Die sinode besluit dat die belydenis van ons geloof nie net 'n eenmalige gebeurtenis behoort te wees wat maar net 'n eenmalige toe-eiening van geloof behels nie, maar dat daar gereelde roetemerkers (stilhouplekke) op 'n lewenslange pad is waar gelowiges hulle geloof bely.
- 5.3 Die sinode besluit om die huidige praktyk van BVG rondom die ouderdom van 17/18, uit te brei as 'n persoonlike en publieke roetemerker wat begelei na jongvolwassenheid.
- 5.4 Die sinode besluit om nog 'n roetemerker op te rig by die ouderdom van 12/13 en simboliese handeling te ontwikkel wat aan hierdie kritiese deurgang uitdrukking gee.
- 5.5 Die sinode besluit om dringend aandag te gee aan liturgiese verryking en inrigting vir en tydens die verskillende roetemerkers.
- 5.6 Die sinode besluit om dringende aandag te skenk aan ouertoerusting ten opsigte van die eerste nagmaalsviering van hulle gedoopte kinders en begeleiding by die daaropvolgende roetemerkers.
- 5.7 Die sinode bevestig sy vorige besluit om nie die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaat te handhaaf nie. Die doop bly die enigste manier waarop toegang tot lidmaatskap verkry word. Die Sinode versoek die ATR om die hele Kerkorde hiermee in lyn te bring.

#### **5.2 Prioriteite wat die sinode moet oorweeg?**

- Toerusting aan ouers oor hoe hulle hul kinders kan begelei in hulle eerste nagmaalsviering. Uit ons navorsing oor gesinsbediening is dit krities belangrik om ouers te begelei om veral hul kinders voor te berei op hulle eerste gebruik van nagmaal. Hierin behoort die kerk 'n belangrike rol te speel in die toerusting van ouers.
- Materiaal om ouers te help in hul begeleiding van hul kinders wat die nagmaal gebruik;
- Materiaal oor hoe om mense te begelei by lewensdeurgange;
- Liturgië vir BVG 12/13 en 17/18 met nuwe navorsing in aggeneem en die uniekheid en ooreenstemming van elkeen uit te wys,
- Benutting en betekenisvolle begeleiding by deurgange in die lewensfases van die kind (voor 12/13) en moontlike roetemerkers wat daar opgerig kan word.
- Benutting en betekenisvolle begeleiding by deurgange vir volwassenes (na 17/18)) en moontlike roetemerkers wat daar opgerig kan word.
- Die kerkorde behoort ooreenkomsdig hierdie verslag se aanbevelings verander/gewysig te word.

**Bronne:**

- Avenant, J.C. 2011, 'Die Verhouding ouermentoraat, Geloofsidentiteit en betrokkenheid van jongmense na belydenisaflegging', Meesters proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Avenant, J.C. & Hoffman, L. 2015, 'Geloofsvorming', in M. Nel & Z. van der Westhuizen (redakteurs), Skokkend Positief, p. 63-74, Bybel Media, Wellington.
- Firet, J. 1977, Het agogish moment in het pastoral optreden, Kok, Kampen.
- Fowler, J.W. 1981, Stages of faith: The psychology of Human development and the quest for meaning, Harper & Row, San Francisco, CA.
- Foster, C.R. 2012, From Generation to Generation: The adaptive Challenge of Mainline Protestant Education in Forming Faith, Wipf and Stock Publishers, Eugene, OR.
- Heyns, J.A. 1970, Die nuwe mens onderweg, Tafelberg, Kaapstad.
- Heyns, J.A. 1978, Dogmatiek, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- Holmen, M. 2005, Faith begins at home, Regal, Ventura, CA.
- Josz, J. 1966, The covenant – A theology of Human destiny, Eerdmans, Grand Rapids, MI.
- König, A. 1991, Bondgenoot en beeld: Gelowig nagedink, deel 4, NG Kerkboekhandel, Halfway House.
- Kreider, A. 1999, The Change of Conversion and the Origin of Christendom, Wipf and Stock Publishers, Eugene, OR.
- Nel, M. 1998, Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria. (Studies in Praktiese Teologie).
- Nel, M. 2015, Identity driven churches. Who are we and where are we going? Biblecor, Wellington.
- Nel M. 2018, Youth Ministry: An Inclusive Missional Approach, Aosis, Cape Town. (HTS Religion & Society Series - Volume 1)
- Nel, M. 2001, The Inclusive Congregational Approach to Youth Ministry, in Senter III, (red.), Four views of Youth Ministry and the church: Inclusive congregational, preparatory, missional, strategic, Zondervan/Youth Specialties, Grand Rapids, MI.
- Osmer, R.R. 1992, Teaching for faith, Westminster John Knox Press, Louisville, KY.
- Osmer, R.R. 1996, Confirmation: Presbyterian practices in ecumenical perspective, Geneva, Louisville, KY.
- Osmer, R.R. 2001, A Checklist for the Journey: Biblical Foundations of Ministry with Youth in The 2001 Princeton Lectures on Youth, Church, and Culture, Online resource: <http://youthlectures.ptsem.edu/>
- Osmer, R.R. 2005, The teaching ministry of congregations, Westminster John Knox Press, Louisville, KY.
- Root, A. 2007, Revisiting relational Youth Ministry: From a strategy of influence to a theology of incarnation, IVP Books, Downers Grove, IL
- Smith, C. & Denton, M.L. 2005, Soul searching: The religious and spiritual lives of American teenagers, Oxford University Press, New York.
- Wepener, C 2014, Van voor die wieg tot ná die graf: Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe, Bybelkor, Wellington.